BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG | PUBLISHED BY AUTHORITY

30c | Donderdag 27 November 1980 | WINDHOEK | Thursday 27 November 1980 | No. 4333

INHOUD:

CONTENTS:

Bladsy

GOEWERMENTSKENNISGEWING:

No. AG. 187 Regulasies Uitgevaardig Kragtens die Naturelle-administrasie-proklamasie, 1928 ... 1

Page

GOVERNMENT NOTICE:

No. AG. 187 Regulations Made Under the Native Administration Proclamation, 1928 ... 1

## Goewermentskennisgewing

Kantoor van die

ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA

DEPARTEMENT VAN STAATKUNDIGE ONTWIKKELING

No. AG. 187 1980

REGULASIES UITGEVAARDIG KRAGTENS DIE NATURELLE-ADMINISTRASIE-PROKLAMASIE, 1928

Die Administrateur-generaal het kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 1(a) van die Naturelle-administrasie-proklamasie, 1928 (Proklamasie 15 van 1928), die regulasies vervat in die Bylae uitgevaardig.

BYLAE

BEPALING VAN REIS- EN VERBLYFTOELAES VAN KAPTEINS EN HOOFMANNE

*Woordomskrywings*

1. In hierdie regulasies, tensy uit die samehang anders blyk, het enige uitdrukking waaraan in die

## Government Notice

Office of the

ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

DEPARTMENT OF CONSTITUTIONAL DEVELOPMENT

No. AG. 187 1980

REGULATIONS MADE UNDER THE NATIVE ADMINISTRATION PROCLAMATION, 1928

The Administrator-General has under the powers vested in him by section 1(a) of the Native Administration Proclamation, 1928 (Proclamation 15 of 1928), made the regulations set out in the Schedule.

SCHEDULE

DETERMINATION OF SUBSISTENCE AND TRAVELLING ALLOWANCES FOR CHIEFS AND HEADMEN

*Definitions*

1. In these regulations, unless the context indicates otherwise, any expression to which a meaning has been

Naturelle-administrasie-proklamasie, 1928 (Proklamasie 15 van 1928), 'n betekenis geheg is, sodanige betekenis en beteken —

(i) "kaptein" enige persoon erken of aangestel as 'n kaptein kragtens artikel 1(a) van die Naturelle-administrasie-proklamasie, 1928; (i)

(ii) "hoofman" enige persoon erken of aangestel as 'n hoofman kragtens artikel 1(a) van die Naturelle-administrasie-proklamasie, 1928. (ii)

*Reis- en verblyftoelaes van kapteins en hoofmanne*

2. 'n Kaptein of hoofman —

(a) van wie vereis word dat hy in amptelike diens moet gaan na die kantoor van die Kommissaris of na 'n plek buite sy gebied wat deur die Kommissaris of, in die geval van 'n hoofman, deur die kaptein aangedui is —

(i) is ten opsigte van die heen- en terugreis geregtig om op staatskoste met 'n redelikerwys beskikbare openbare vervoermiddel in die eerste klas te reis; of

(ii) ontvang 'n toelae ter bestryding van reiskoste van hoogstens die koste van vervoer in subparagraaf (i) bedoel, indien daar is, of, agtien sent per kilometer vir elke kilometer wat noodsaaklik op die heen- en terugreis afgelê word, watter ookal die minste is: Met dien verstande dat indien hy om gesondheids- of ander gegronde redes skriftelik deur die Kommissaris daartoe gemagtig is om vir 'n bepaalde of onbepaalde tydperk met 'n private motorvoertuig te reis 'n bedrag van agtien sent per kilometer aan hom betaal word: Met dien verstande voorts dat 'n kaptein of hoofman van wie vereis word dat hy van sy woonplek na die naaste plek waar openbare vervoer gehaal kan word minstens vyf kilometer moet reis, 'n bedrag van agtien sent per kilometer betaal word vir elke kilometer wat noodsaaklik op so 'n heen- en terugreis afgelê word;

(b) wat in opdrag of met die goedkeuring van die Kommissaris of, in die geval van 'n hoofman, die kaptein in amptelike diens na 'n plek buite sy gebied moet gaan, ontvang, vir sover hy noodsaaklik aldus van sy verblyfplek afwesig is —

(i) vir 'n tydperk van minder as 24 uur, 'n bedrag gelyk aan die persoonlike bestaansuitgawes wat hy rederlikerwys en werklik aangegaan het, maar hoogstens die bedrag wat ingevolge subparagraaf (ii) van hierdie paragraaf ten opsigte van een dag aan hom betaalbaar is;

assigned in the Native Administration Proclamation, 1928 (Proclamation 15 of 1928), bears the meaning so assigned thereto, and —

(i) "chief" means any person recognised or appointed as a chief under section 1(a) of the Native Administration Proclamation, 1928; (i)

(ii) "headman" means any person recognised or appointed as a headman under section 1(a) of the Native Administration Proclamation, 1928 (ii).

*Subsistence and travelling allowances for chiefs and headmen*

2. A chief or headman shall —

(a) if he is required to proceed on official duty to the office of the Commissioner or to any place outside his area specified by the Commissioner or, in the case of a headman, the chief —

(i) in respect of the forward and return journeys, be entitled to travel in the first class at government expenses with any reasonably available means of public transport; or

(ii) receive an allowance for the defrayal of travelling expenses not exceeding the cost of the transport referred to in subparagraph (i), if any, or, eighteen cents per kilometre for each kilometre necessarily travelled on the forward and return journeys, whichever is the lesser: Provided that if, for health or other sound reasons, he has been authorised in writing by the Commissioner to travel by means of a private motor vehicle for a fixed or indefinite period, an amount of eighteen cents per kilometre shall be paid to him: Provided further that any chief or headman who is required to travel not less than five kilometres from the place of his residence to the nearest place where public transport can be boarded, shall be paid an amount of eighteen cents per kilometre for each kilometre necessarily travelled on any such forward and return journeys;

(b) if he, on the instructions or with the approval of the Commissioner or, in case of a headman, the chief, is required to go on official duty to any place outside his area, shall receive, in so far as he is necessarily so absent from his place of residence —

(i) for a period of less than 24 hours, an amount equal to the personal subsistence expenditure which he reasonably and actually incurred, but not exceeding the amount payable to him in terms of subparagraph (ii) of this paragraph in respect of one day;

(ii) vir 'n tydperk van minstens 24 uur, 'n verblyftoelae bereken per dag van 24 uur, teen die skaal van R5,00 per dag;

(iii) vir elke volle uur bo 24 uur of 'n veelvoud daarvan, twintig sent per uur.

*Voorbehoud*

3. Voordat 'n eis om die toelae uiteengesit in subparagraaf (ii) van paragraaf (a) betaal word ten opsigte van 'n reis wat 'n kaptein of hoofman na sy kantoor onderneem het, moet die Kommissaris hom daarvan vergewis en sertifiseer dat die reis wat afgelê is noodsaaklik en in die openbare belang was.

*Herroeping van Goewermentskennisgewings*

4. Goewermentskennisgewings 2128 van 1967 en 442 van 1970 word hierby herroep.

(ii) for a period of at least 24 hours, a subsistence allowance calculated per day of 24 hours at the rate of R5,00 per day;

(iii) for every full hour in excess of 24 hours or multiple of 24 hours, twenty cents per hour.

*Saving*

3. Before effecting payment of any claim for the allowance specified in subparagraph (ii) of paragraph (a) in respect of any journey to his office undertaken by a chief or headman, the Commissioner shall satisfy himself and certify that the journey performed was essential and in the public interest.

*Repeal of Government Notices*

4. Government Notices 2128 of 1967 and 442 of 1970 are hereby repealed.

Gedruk deur en verkrygbaar by
SUIDWES-DRUKKERY BEPERK,
Posbus 2196, Windhoek
Suidwes-Afrika

Printed and obtainable from
SUIDWES-DRUKKERY BEPERK
P.O. Box 2196, Windhoek
South West Africa